Die Voortrekkers



DIE SPANPLAN

_____

Span se naam

_____

Spanleier

_____

Spanoffisier

_____

Jaar

SPANPLAN

Die doel van hierdie dokument is om spanoffisiere wat nog nie formele opleiding in spanhanteringskursus gekry het nie, te kan help beplan. Dit word ook as 'n opleidingsdokument gebruik tydens die Intree- en Spanhanteringskursus. Die dokument is so opgestel dat dit ingevul kan word, soos wat dit tydens die kursus behandel word of soos benodig vir spanvoorbereiding. Hierdie dokument behoort deur elke spanoffisier gebruik te word. Die program is veral daarop gemik om die spanoffisier bewus te maak van en te herinner aan sekere basiese spansake.

Geniet jou Voortrekkerwees, geniet jou span
Nasionale komitee Volwasse sake 2012!

INHOUD

1. DIE SPANOFFISIER SE GESINDHEID 3
2. DIE SAMESTELLING VAN DIE SPAN 3
3. DIE SPANLEIER 3
4. SPANIDENTITEIT 4
5. GRAADWIELWERK 5
6. SPESIALISASIES 6
7. ANDER SAKE WAT DIE SPAN WIL AANPAK 6
8. SPANPROGRAM 6
9. SPANJAARPROGRAM 7
10. SPANBYEENKOMS 9
11. WENKE VIR DIE AANBIEDING VAN TEMAS TYDENS ‘N SPANBYEENKOMS 10
12. SPANKAMPE EN -TOERE 11
13. SPANADMINISTRASIE 13
14. SPANKONTRAK 15
15. GEDRAGSKODE VAN 'N VOORTREKKERLEIER. 16

MISSIE VAN 'N VOORTREKKERLEIER

Om die Afrikanerjeug toe te rus om as konsekwente Christen, moderne Afrikaner en positiewe burger suksesvol te wees.

ELEMENTE WAARMEE REKENING GEHOU MOET WORD IN DIE DAARSTELLING VAN 'N SPANPLAN

1. DIE SPANOFFISIER SE GESINDHEID

1.1. Die spanoffisier moet sy taak met visie aanpak. Dit gaan in spanwerk om meer as Voortrekkerwerk. Elke lid van die span moet eendag as bemagtigde volwassene sy plek kan volstaan.

1.2. Al die ouers van die span moet betrek word. Dit kan tydens 'n span-vergadering gebeur waartydens die werksaamhede van die jaar met hulle uitgeklaar word.

1.3. Die spanoffisier moet nie huiwer om jeugvriende te betrek nie.

1.4. Die spanoffisier moet van die begin af met sy span bind en dinge saam met hulle doen.

1.5. Spanlede moet vertrou word. Dit wat jy van jou span dink en sê, word hulle uiteindelik.

1.6. Die spanoffisier moet bereid wees om sy deel van die spankontrak na te kom.

1.7. Alle aktiwiteite moet doelstellinggerig wees.

2. DIE SAMESTELLING VAN DIE SPAN

Die span moet so saamgestel wees dat dit 'n portuurgroep is - maats en moontlike maats. 'n Span moet met 'n kern begin en uitgebou word deur die lede wat self maats as spanlede werf.

3. DIE SPANLEIER

Die span moet 'n spanleier en adjunkspanleier kies wat hulle vertrou en wie se leiding aanvaar word. Die spanleier moet vir die spanoffisier kan instaan en die spanoffisier moet op sy beurt sy spanleiers gebruik. Huldig hulle seremonieel in en hou ten minste een keer per kwartaal samesprekings met jou spanleier en adjunk-spanleier.

4. SPANIDENTITEIT

Hierdie aspek word spansement genoem en bestaan uit die volgende elemente.

4.1. SPANRAAM

4.2. SPANPLEK

4.3. SPANINLYWING

4.4. SPANKONTRAK

4.5. SPANPLAKBOEK

4.6. SPANLIED

4.7. SPANFONDS

4.8. SPANDRAG

4.9. SPANKODE

4.10. SPANSKRIF

Die jeug is ...
'n Oop papawer in die son,
'n Sterrereën in twyfelnag,
die kluis vir ons gedagtes,
die hoop vir wat nog wag

5. GRAADWIELWERK

Die graadwielwerk is die ruggraat van die span se werk. Dit is nie vervelige sleurwerk wat teen wil en dank gedoen moet word nie. Dit word wetenskaplik en gebalanseerd saamgestel en die spanoffisier wat die leerplan sinvol aanbied, sal die vrugte op sy werk sien in die groei van sy span.

Gaan nou soos volg te werk:

- Lees meer as net dit wat in die handleidings staan (gebruik die internet).
- Moenie lesings aanbied nie, maar betrek die span soveel as moontlik in die voorbereiding en aanbieding.
- Jou span moet WEET, DINK, ERVAAR en PROAKTIEF besig wees.
- Die jeug moet vandag draers van die HOOP wees wat met jeugdige BLYMOEDIGHEID waag.

Jy kan dit alles met jou betrokkenheid by jou span bevorder en selfs bewerk.

1. Bestudeer die inhoud van die tema en besluit wat jy wil oordra.
2. Dink aan 'n oorspronklike manier om die tema te behandel.
3. Reël vir die plek, hulpmiddels of jeugvriend wat dit saam met jou moet doen.

My span moet vanjaar die volgende aspekte van graadwielwerk doen:

1.
2.
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.
11.
12.

VERRYKING. Sake wat bygevoeg kan word.

1. Geldbestuur.

2. Persoonlikheidsontwikkeling. Gebruik die handleiding vir Verkenners.

6. SPESIALISASIES

Spesialisasies kan in spanverband of individueel afgehandel word. **Daar moet eers verseker word dat die graadwielwerk genoeg aandag** kry voor spesialisasies aangepak word.

1. Waar:
2. Waar:
3. Waar :
4. Waar:

7. ANDER SAKE WAT DIE SPAN WIL AANPAK
(bv. Spankamer uitverf of Gemeenskapsdiens lewer)

1. 2.
3. 4.

8. SPANPROGRAM
Die spanoffisier moet die volgende sake in gedagte hou as hy sy spanprogram opstel:

- Die span moet **ingelyf** word.
- Die skool**graad** waarin die span is. [Met die oog op die graadwielwerk].
- Vind uit watter **spesialisasies** die span vanjaar wil verwerf
- Hoeveel Voortrekker**dae** vir **spanwerk** beskikbaar is.
- Hoeveel **dae** het die **kommando** nodig? Kry dit uit die kommandojaar-program wat die kommando opgestel het.
- Voorbereiding vir span-, kommando- , oord- en gebiedskampe.
- Die spanoffisier moet in sy beplanning elke lid van sy span se **Voortrekker-loopbaan**, deeglik in ag neem.
- Neem die span se **behoeftes** en **idees** in ag en betrek die span by die beplanning vir die jaarprogram. Voordat die spanplan gefinaliseer word, moet dit met die spanleiers deurgepraat word. (Nie nodig by die laer Penkop/ Drawwertjie grade nie)
- **Nooi die ouers** van jou span uit na 'n spanbyeenkoms. Verduidelik die plan, dit sal hulle motiveer en dalk hulp laat aanbied.
- Maak 'n **lysie** van die menslike hulp**bronne** wat tot jou beskikking is. Ouers, spanleiers, ander spanoffisiere, offisiere, staatmakers, jeugvriende en kundiges.
- **Bepaal** watter **hulp** jy van jeugvriende benodig en doen by die adjunk-kommandoleier volwasse sake aansoek om die hulp. (In kleiner kommando's moet die spanoffisier self reël vir die afsprake.)

9. SPANJAARPROGRAM

STAP EEN:	Vul die NB'e datums in volgens die kommandojaarprogram
STAP TWEE:	Vul die kommandodae in
STAP DRIE:	Tema van elke spandag. Wat wil jy bereik?
ST AP VIER:	Wie gaan jy betrek of nodig kry? Ouers, ander spanoffisiere, offisiere, spanleier, Jeugvriend, SAP, Weermag, ens.
STAP VYF:	Bepaal die datums van die aksie in stap 4 en reël betyds met die persoon of die adjunkkommandoleier volwasse sake in die kommando.

DATUMS:

ONDERWERP [TEMA)	**DATUM**	**HULP VERLANG**
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
7.		

KAMPBEPLANNING [datums]	**DATUM**
SPANKAMP	
SPANSTAPTOG/-TOER	
KOMMANDOKAMP	
OORDKAMP	
GEBIEDSKAMP 1	
GEBIEDSKAMP 2	

STEL 'N JAARPROGRAM OP:

EERSTE KWARTAAL	TWEEDE KWARTAAL	DERDE KWARTAAL	VIERDE KWARTAAL
Datum:	**Datum:**	**Datum:**	**Datum:**
Datum:	**Datum:**	**Datum:**	**Datum:**
Datum:	**Datum:**	**Datum:**	**Datum:**
Datum:	**Datum:**	**Datum:**	**Datum:**
Datum:	**Datum:**	**Datum:**	**Datum:**
Datum:	**Datum:**	**Datum:**	**Datum:**
Datum:	**Datum:**	**Datum:**	**Datum:**

10. SPANBYEENKOMS

Jy moet as nuwe spanoffisier 'n spanbyeenkoms beplan om te keer dat tyd verlore gaan en die hoofsaak nie klaargemaak word nie.

BEPLANNING VIR SPANVERGADERINGS

Nommer van Spanbyeenkoms:	Beoogde datum vir aanbieding:

Doelwit vir die Spanbyeenkoms (Wat wil jy bereik ?)

HOOFSAAK :
Sake wat ek ook vandag moet aanspreek:

Die volgorde van byeenkoms program kan soos volg wees :

1. Kry almal bymekaar
2. Aantree en teenwoordigheid register afmerk
3. Opening - Verkieslik deur ‘n spanlid (Laat ‘n spanlid die toedelings doen)
4. Standpunte - Gee geleentheid vir gesprek met die span
5. Administrasie - Neem alles terug wat hulle moes saambring
6. Hoofsaak - Doen dit so prakties as moontlik
7. Alternatief - As te vroeg klaarmaak gebruik as ‘n vuller
8. Aankondigings - Gee alle administrasie uit wat volgende week moet terugkom
9. Opdragte aan spanleier - Gee dit in teenwoordigheid van span sodat almal daarvan kennis neem en daar geen verskoning is nie
10. Afsluiting en verdaag

VOORBEREIDING DEUR DIE SPANOFFISIER

1. Metodes wat ek gaan aanwend om hoofsaak met trefkrag aan te bied: (Soos bv. Speletjie, vasvra....)

2. Hulpmiddels wat ek sal benodig? (Soos bv. Uitpakkaarte, Monopolie....)

3. Mense wat my kan help in die aanbieding asook hul kontakbesonderhede:

11. WENKE VIR DIE AANBIEDING VAN TEMAS TYDENS 'N SPAN-BYEENKOMS

[Aantekeninge n.a.v. gesprekke tydens kursus] bv.

1. Debat oor aktuele sake. Gebruik video om te verfilm en speel terug. Voordeel: Span tree gedissiplineerd op en na 'n tyd kan groei gemeet word.
2.
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.
11.
12.

12. SPANKAMPE EN -TOERE

Spankampe en -toere is die allerbeste bouer van spangees en geleentheid vir aktiwiteite wat betrokkenheid en diepte vra, maar dan moet daar doelgerig gekamp of getoer/gestap word. Die geleentheid moet nooit 'n leeglêery wees nie.

OORSIGTELIKE KAMPBEPLANNING

'n Kamp bestaan uit:

1. Roetinesake
   Sake/dinge wat in die uitdeelstuk gegee word.

2. Die "besondere" wat die kamp onvergeetlik maak.

3. Die hoofsaak wat jy wil bereik.

4. Sake wat 'n kamp kan laat vou:

   * Geen dissipline
   * Nie hou by die program
   * Deurnag
   * 'n Sosiale kamp (geen Voortrekkerwerk)
   *
   *

As die nag nog in die bome spartel
en skemergedagtes wipplank ry,
sal die doudun oggendklanke
'n Voortrekker by sy vuurtjie kry

13. SPANADMINISTRASIE

Vul die besonderhede van die bladsy tydens 'n vergadering van die offisiereraad in sodat die kommando se bepaalde behoeftes verreken word. Sien ook voorbeeld van ‘n spanjaarprogram en -register op die volgende blad wat meeste van die punte hieronder bevat.

1. Die spanoffisier en die jeuglede se registrasie.

2. Spanlys. Volle besonderhede van spanlede.

3. Spanregister

4. Loopbaanrekordkaart

5. Ledegeld en finansies [kwitansie]

6. Voortrekkerdragbestelling

7. Inlywing

8. Verslag van graadwiel en ander werksaamhede.

9. Getroue dienskentekens

	SPANNAAM:	RENOSTERS		Gr 4	ABC Punte			1	1	1	1	1		1	1	1		3	2	1
	Naam	Kontaknommers		Administrasie				Junie						Augustus				September		
		Pa	Ma	Lidmaatskap nr	Ledevorm	Ledegeld		3	Versamel	10	Dwelms	17	Knope	24	Padveiligheid	31	Seine	7	Boom plant	14	Kamp bespreek	21	Dienslewer	11	Gebiedskamp	18	Kommando	25	? Pas on
1																													
2																													
3																													
4																													
5																													
6																													
7																													
8																													
9																													
10																													
11																													
12																													
13																													
14																													
15																													

14. SPANKONTRAK

Dit is belangrik dat die jeuglid vertroue moet hê in sy spanoffisier en die Voortrekkerstruktuur. 'n Spankontrak sal die spanoffisier motiveer en die spanlid iets gee om aan vas te hou. Stel jou eie spankontrak op. Maak sommer gebruik van die geleentheid om te verduidelik waarom ‘n spankontrak opgestel word.
Wees oorspronklik in die ontwerp en voorkoms van die kontrak. Dit behoort ook tydens 'n "plegtige" spangeleentheid onderteken te word.

Sake wat in die kontrak behoort te wees:

Wat verwag ek as spanoffisier van my span? Bv.

* Teenwoordigheid
* Entoesiasme
*
*

Wat verwag die span van my as spanoffisier? Bv.

* Dat die spanplan uitgevoer sal word.

- Genoeg tyd vir sosiaal

*

_____ _____

Handtekeninge (Teken dit tydens 'n seremonie) **Datum**

NOG IDEES VIR 'N SPANKONTRAK KAN TYDENS DIE KURSUS UITGESPREEK WORD.

15. GEDRAGSKODE VAN 'N VOORTREKKERLEIER.

Elke volwasse lid van Die Voortrekkers aanvaar die volgende riglyne vir sy optrede omdat sy lewenswyse ook 'n leerboek vir die leier van môre is:

a) Om getrou te wees aan die missie, visie, grondslag, wese, doelstellings, offisiersbelofte, van Die Voortrekkers, om dit my eie te maak en dit te bevorder.

Wees 'n ABC-offisier wat weet waaroor Voortrekkers gaan

b) Om 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf.

Leef jou Christenskap uit

c) Om te weet dat dit in Die Voortrekkers om die jeuglid gaan, dat sy behoeftes en omstandighede bepalend moet wees en dat my positiewe siening van 'n kind 'n vormende invloed op die jeuglid sal hê.

Wees 'n rolmodel vir die jeuglid

d) Om lojaliteit en respek te betoon teenoor alle lede van Die Voortrekkers en my amp of posisie te beklee in 'n gees van hulpvaardigheid en welwillendheid.

Respekteer almal om jou en wees daar vir hulle

e) Om te alle tye sober en onberispelik op te tree en my nie skuldig te maak aan misbruik (of die indruk van misbruik te laat) van enige aard nie.

Tree onberispelik op.

f) Om my daarvan te weerhou om uitsprake oor dogmatiese of partypolitieke aangeleenthede te maak.

Weerhou jou van kerkistiese en partypolitieke uitsprake

g) Om positief op te tree in die uitvoering van dissipline en niemand hardhandig, vernederend of verkleinerend te behandel nie.

Pas dissipline opbouend toe

h) Om bereid te wees om op 'n gereelde basis opleiding en verrykingsgeleenthede by te woon.

Woon gereeld volwasse opleiding by.

i) Om 'n ambassadeur vir Die Voortrekkers te wees en die beeld daarvan te bevorder.

Wees 'n ambassadeur vir die Voortrekkers.

j) Om pro-aktief te wees in my beplanning, regverdig in my oordeel en positief in my siening en nie myself of my span ten koste van ander te bevoordeel nie.

Wees altyd voorbereid, onpartydig en positief

k) Om kreatief en inisiërend te dink en te doen en om nie die weg van minste ongerief te volg nie.

Wees kreatief

l) *Om betyds kennis te gee indien ek 'n verantwoordelikheid nie kan nakom nie en om goed voorbereid, entoesiasties en stiptelik te wees in die nakoming van my pligte.*

Wees betroubaar en entoesiasties

DIE UITLEEF VAN HIERDIE KODE IS VIR MY AS SPANOFFISIER 'N SAAK VAN EER.

Die
Voortrekkers
HOU KOERS